

'N GROOT BOESMANLANDSE BARS

gemaak en deur angs bevange laat raak. Toe het ons hot en haar gespring en die wêreld deur gespat om die ramp te ontvlug. Die een het Boland-toe gespring; 'n ander Rhodesië-toe, nog een Suidwes-toe en nog een Transvaal-toe. Maar toe het dit met ons gegaan soos met die man wat gedroom het hy spring hemel-toe, en toe hy vir hom kom kry, toe lê hy op die harde, koue huisvloer waarheen hy uit 'n warm, sagte bed gespring het!

Sien jullie, my ou vriende, net sulke verspot spronge het die meeste van ons gedurende die laaste droë jare gemaak; van walle af in slote; van één vuur na twee toe; uit ons eie bed na die verdorsvloere van verknorsing toe. En daarom sê ek: bly in Boesmanland en kyk 'n *bars* deur alle moeilikheid. As jy aan vlug en rondtrek is, kan jy nie vastrap nie; en jy moet juis kan vastrap om die grootste *bars* te kan kyk."

„Oom Koos, jy praat te maklik”, sê die eerste teëprater nou weer, „dink bietjie net aan die hoop boere wat met die laaste droogte nog duisende skape behou het, net om hulle betyds na ander distrikte waar toe weiveld was, gevlug het en dink ook bietjie net aan . . .”

„Ja, maar dink bietjie ook”, val oom Koos Gedagtes die spreker in die rede, „aan die honderdmaal meer boere wat met arme, vermaerde diere op die vlug geslaan het tot hulle later niks oor gehad het nie, en toe maar stoksielalleen te

'N GROOT BOESMANLANDSE BARS

voet huis-toe gesukkel het. En dink ook aan die klompie mismoediges en wanhopiges wat elke ander distrik of kolonie, behalwe hulle eie geboortegrond, vir 'n lushof van Eden aangesien het, en toe al hulle swak diere sonder enige sorg laat staan en laat vrek het, om hulle met die sterkste diere na hulle gewaande Edens en Kanaäns laat spat het.

En dink bietjie hoe selfs die bene van duisende van hierdie sterkste diere tog ook vandag langs die trekkerspaai lê en bleik. En dan bid ek jou, my Neef, dink tog ook aan die honderde Boesmanlanders wat ten gevolge van hierdie historiese rondvlugtery eindelik in die een of ander vreemde kolonie met slegs 'n klein klompie diere aangeland het. Wat gaan maak jy in Suid-Wes, byvoorbeeld, met sowat 80 skapies, 9 donkies, 'n ou luttel wa en 'n ou halfvergane kar? En ek weet tog van baie wat met nie 'n groter besittinkie daarheen gevlug het nie. En nou is hierdie trekkery nog aansteeklik ook. Want hier sit vandag nog baie onder ons wat nog baie armer en behoeftiger is as die man van 80 skapies ens., en tog praat hulle ook van trek, trek!

Ja, ou Willem Sug het selfs nou-die-dag vir Toos Tron gehuur om sy trek vir hom na die Hardeveld te bring. En in die Hardeveld is dit niks beter as hier nie. Tog moet hy daarheen trek, glo net omdat trek — trek is! Nou huur

'N GROOT BOESMANLANDSE BARS

hy dan ook vir arme Toos Tron, want hy het nie meer self trekdere nie. Maar hy moes vir arme Toos Tron kul, want hy het ook niks gehad om hom te betaal nie. En die arme Toos Tron het ook vooruit geweeet dat die huurdery net kullery sou wees, maar hy wou maar te graag ook die Hardeveld gaan bekyk om ook daarheen te trek. Daarby kom nog dat arme Toos Tron se donkies gans te maer was om ou Willem Sug se wa Hardeveld-toe te sleep. Maar dit het Toos Tron en ou Willem Sug nie ontsien nie. En so is vyf van die arme donkies op pad dood; net sewe het oorgeskiët. En van die sewe het twee so uitgeput geraak dat Toos Tron in die Hardeveld 'n ou kar moes huur om hulle huis-toe op te laai! Toe moes die siekes die allersiekstes dra.

Tog het dit alles nie vir Toos Tron bekeer nie. 'Nee', sê hy, 'in die Hardeveld is tog darem 'n ou treinstasietjie en daar kan ek miskien ou handwerkies kry.' En pleks van dat hy nou sy saailandjies omploeg, en vir sy paar oorgeskiëte donkies en skapies en bokkies sorg, nou jaag hy orals rond om iemand se donkies te huur om sy wa ook Hardeveld-toe te laat sleep! Hier het vertroubare gerugte gekom dat ou Willem Sug se veetjies nie in die Hardeveld klaarkom nie, om hulle daar aan onbekende giwwe vreet wat hulle somar lekker laat vrek. Ook is daar reeds meer

'N GROOT BOESMANLANDSE BARS

as genoeg sulke arme Willem Sugte en Toos Tronne by daardie ou treinstasietjie in die Hardeveld. Maar dit alles skrik nie vir Toos Tron af nie. Sulke voorbeelde, my ou vriende, kan ek nog baie opnoem. En weet julle wat? Dis hierdie trekgees wat al vir meer as een arme Boesmanlander morsdood en onder tot op die onderste boom van bankrotskap laat trek het."

„Maskas, oom Koos”, sê nou weer iemand. „Oom hou nou aan met skimp en slegsê, maar wanneer kom Oom dan ook daar onder tot op die onderste boom van Oom se onderwerp?"

„Nou net, my ou Neef, nou net”, antwoord oom Koos geredelik, „want al wat ek nog te sê het is net dit: Nie een van julle en nie een van alle Boesmanlanders is in my oog te sleg om hier in Boesmanland te bly, en somarso 'n groot Boesmanlandse *bars* deur alle moeilikhede heen te kan kyk nie."

Hoofstuk IV.

'N BOEMANLANDSE SWEPPIES- KLONKIE.

Ou tant Hannie Oompie maak 'n wonderlike neusgeluid op die end van byna al haar sinne; 'n geluid wat jou herinner aan seker klanke deur 'n berggansie voortbring. Ons sal die geluid maar deur die twee letters h en a aandui. Ook ken sy in haar spraak g'n kortklank vir die o nie; sy sê dus nie 'kom' of 'tot' nie, maar koom en toot ens.

Sy het vir haar bokwagtertjie — 'n klein klonkie van sowat dertien jaar — 'n splinternuwe pak klere gemaak wat bestaan uit 'n drillingse baadjie, 'n dieto kort kniebroekie en 'n blou nankinet-hempie. Dit was 'n verbrande klonkie. Net die eerste dag wat sy ou nooi hom die nuwe pak laat aantrek het, het hy daar in die veld die hele nankinet-hemp in bandjies geskeur en vir hom van die bandjies 'n tamaaie doekswEEP gevleg. Toe hy die aand tuiskom vra sy ounooi: „En T'kouka, hoekoom koom jy dan hier voor my twee oë sonder jou nankinet-hemp, ha?”

T'kouka wys sy hele stel spierwit tande in 'n

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

wonderlike lag; toe steek hy sy snaakse sweep vorentoe om sy ounooi se aandag daarop te vestig en sê: „Eek had hierdie sweppie van die hamp gavleg, ounooi.”

By hierdie woorde het ou tant Hannie Oompie amper agteroor geval van skrik.

„Maar hoe koon jy oom biddens te wil so iets doen, T'kouka, ha?” vra sy.

T'kouka wys weer sy tande. Toe sê hy: „Eek weet nie, ounooi.”

„Ja, jy weet nie, ha, jy weet nie”, sê tant Hannie boos, „want jy het moos nie 'n gewete nie; jy is moos 'n klip, 'n dooie, dooie klip wat niks aan vat nie, ha?”

Sy was uitasem van ergernis by hierdie woorde en kon nie verder praat nie. Sy kon net nou en dan kwaai op die verbrande klonkie en sy „sweppie” kyk. Eindelik sê sy darem so by haarself: „Nou moet jy gaan sê waar moet ek weer so'n sterk, blou nankinet-hempie vandaan krap, ha! Maar nou kan hy so sonder 'n hempie loop, ja wragtie!” En hiermee was die saak afgehandel.

Vir goed 'n week daarna het T'kouka toe sonder hemp sy bokke opgepas. Maar toe kom hy op 'n aand sonder sy drillingse baadjie huis-toe. Angstig vra tant Hannie Oompie toe: „En T'kouka, hoekoom koom jy dan hier voor my twee oë sonder jou drillingse baadjie, ha?”

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

Toe wys T'kouka sy hele stel tande, en toe steek hy nog 'n snaakser sweep as die eerste keer vorentoe en sê: „Eek had weer 'n sweppie nodag gahet, ounooi.”

Arme tant Hannie Oompie het nou glad niks kon sê nie; sy was te stom van verbasing, en net 'n sissende geluid — soos stoom onder haar kokende pot se deksel — het haar bors ontsnap. Toe het sy baie lank vas op die grond sit en kyk en telkens haar kop geweldig geskud. Eers toe sy laat in die aand in haar kookskerm pie opstaan om te gaan slaap, toe sê sy by haarself: „So 'n dooie klip, hy het moos nie 'n gewete nie, ha? En nou moet jy gaan sê waar moet ek weer so 'n sterk drillingse baadjie vandaan krap, ha? Maar nou laat ek hoom sonder 'n baadjie ook loop — wragtie!”

En toe het T'kouka die volgende week sy ou nooi se bokke sonder hemp en sonder baadjie mooi soet opgepas.

Maar teen die end van hierdie week kom hy op 'n goeie aand ook sonder sy sterk drillingse broek, want toe het hy net so 'n ou groot stuk flenter wat hy vroeër gedra het, om sy onderlyf. En T'kouka het goed gewet wat sy ounooi hom sou vra: daarom wys hy maar vooruit so 'n wonderlike, rafelrige, bolsrige vlegsels aan 'n stok en sê: „Eek had weer 'n sweppie . . .”

Maar toe gryp tant Hannie Oompie die besem-

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

stok en toe moes T'kouka maar sy woorde los en sy bene gebruik om somar dwarsoor die kookskermpie te spring, en net betyds die eerste hou te ontduik. Toe was dit verder heeltemal stil en rustig, want tant Hannie Oompie se koddige kopskuddings was natuurlik geluidloos. En tot laat in die aand was in daardie kookskermpie niks meer as net geruislose bewegings nie. Maar toe tant Hannie eindelijk bed-toe sukkel met haar swaar liggaam, toe was daar darem onder die geskree van 'n kriekie ook 'n menslike gebrom hoorbaar, so by tussenposies: „En nou moet jy gaan sê . . . Maar nou kan hy sonder 'n broek ook . . . wrrr—agtie!”

Dit alles kon T'kouka niks skeel nie, en toe pas hy eers sy ounooi se bokke lekker op — net met die stuk flenter van voor.

En toe T'kouka se derde „sweppie” ook tot niet was, het hy vir hom tulpstingels of groen gekloofde wortels van taaibosse gevat en daarvan 'n menigte „sweppies” gedraai of gevleg.

Die dae het gou verby gevlieg en spoedig was die winter daar; en reeds by die begin van die winter was dit somar al bitter, bitter koud. Toe sê tant Hannie Oompie: „Nou moet jy gaan sê, ek wat toog darem 'n gewete het, hoe kan ek hoom langer so in die bitter koue nakend laat loop, ha?”

Van daardie dag af het tant Hannie allerhande

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

planne gemaak. Later kom sy toe op 'n eersteklas gedagte. Sy het twee sag-gebreide velle — 'n beesvel en 'n bokvel. Daarmee wou sy ou tuie laat repareer het. Maar nou laat sy albei velle opsný in dik rieme en naairieme. Toe laat koop sy weer sterk drilling en blou nankinet, en maak weer 'n kniebroekie, 'n baadjie en 'n hemp.

Kort na hierdie gebeurtenisse wys sy op 'n goeie aand die dik rieme, die naairieme en die nuwe klere vir T'kouka en vra hom:

„T'kouka, koom raai nou oom watter rede is hierdie rieme so gesny, ha?”

T'kouka se tande skitter toe hy antwoord:

„Vir sweppies, ounooi.”

„En hierdie klere, dooi klip, ha?”

„Om te dra, ounooi”, antwoord die klonkie.

Toe smyt sy rieme en klere dwarsoor T'kouka se kop en sê: „Nou toe, verbrande klonkie-klip, nou weet jy moos ook toog oom watter rede rieme en klere oop die wêreld is.”

T'kouka het eers geskrik, maar gou begin hy te besef watter groot plesier sy ounooi hom met die hoop rieme aangedoen het, — vir die klere het hy, ten spyte van die koue, niks omgee nie. Toe lag hy van oor tot oor en gil dit so uit: „Arrie, jelle, jelle, eek had net weer 'n sweppie nodag gahet!”

Tant Hannie Oompie het hom darem nie àl die rieme gegee nie; sy het gevoel sy moes 'n

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

voorraad vir die verbrande „sweppies-klonkie” in gereedheid hou.

Maar T'kouka het dit darem so oorlê dat hy tog drie mooi genaaide riemswepies van die rieme kon maak.

Toe tant Hannie Oompie se buurman die swepies sien, het sy verstand stil gestaan vir die klonkie se pragtige elsstekies en ander kunsvaardigheid. Hy wou op die daad een van die artiekeltjies koop vir sy onnosel seun wat nog g'n lammerswepie kon maak nie. Hy het dan ook somar drie sielings aangebied — 'n som wat ook dadelik deur ounooi en klonkie aangeneem, en gelykop deur ounooi onder hulle twee verdeel is: die ounooi dus $1/6^d$ vir haar rieme en die klonkie ook sy $1/6^d$ vir maakloon. Van daardie dag af was die gort gaar en die koeël deur die kerk. Want die storie van die sweppies-klonkie het soos wind oor die hele buurt gewaai. Toe vind alle donkieboere skielik uit dat hulle weer nuwe donkieplakse nodig het; en alle seuns wou net swepies, swepies hê.

Teen wil en dank kry tant Hannie Oompie nou byna aldag per brief of per mondelinge klanke sweep- of plaksbestellings, wat sy aan haar wonderlike sweppies-klonkie „assegrootseblief” moes aflewer.

En niemand het vir T'kouka leer swepies maak nie. Maar 'n sweep was sy afgod wat hy

'N BOESMANLANDSE SWEPIES-KLONKIE

hartstogtelik lief gehad het. Van kleins af het hy alle swepe in Boesmanland en onder sy bereik met ander oë bekyk en bestudeer as ander mense. Hy het al selfs stilletjies sy ounooi se mooi ag-os vlegswEEP gesteel, net om dit los te ryg en weer aanmekaar te leer vleg, kompleet net soos die geswore en geleerde vlegter dit gevleg het. Die netjiese invlegtery van die oop lissie of „hingsel” en die agterslag het hom baie moeite en hoofbrekings gegee, maar T’kouka se talent en verstand vir hierdie bedryf het hom eindelik laat oorwen en in die vlegkuns meer as bedrewe maak.

Tant Hannie Oompie het dikwels gebrom: „Nou moet jy gaan sê, ek moet nou oom biddenstewil al my velle laat brei, ha!”

Tog was sy darem nie eintlik teen die swepies-fabriseerdery nie; want sy was ’n ou vrou wat ook maar baie van geld gehou het, en sy het nou al meer van die kontante inkomste begin te hou, en gekry ook, as T’kouka. Immers, T’kouka se hele lus en lewe was net enkel in die vervaardiging van swepe en voorts al wat maar enigins as slaanding kon gebruik word. Tog het hy nog altyd die bokke ook baie goed opgepas, want bokke was juis die enigste ander swak punt van hom. So was hy dan daagliks daar in die een-same veld by sy bokke en swepe vlytig en oor-gelukkig. En spoedig was daar van winkels ook

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

'n aanvraag, en 'n afsetgebied vir T'kouka se arbeid en sy ounooi se materiaal. Toe opeens was T'kouka nie meer slegs 'n ou sweppiesklonkie nie, maar 'n beroemde — „self-made man”. So het dit tenminste aan sy hele houding en gedrag gelyk. En jy sou sweer dat hy dit baie goed weet en begryp dat — „God helps those who help themselves”. Want toe het hy eers bokke opgepas en swepe gemaak soos g'n man nie. En so het die Voorsienigheid hom dan ook so geseën dat selfs die wit en swart van byna die hele omgewing ten goede van die ou klein klonkie gepraat het; en dit sê tog veel, want dis glo mos maar min mense wat dit sover bring om maar byna die allemansvriend van net sy omgewing te wees. Ja, selfs sy ou nooi het stilletjies geheg aan hom geraak soos netnou sal blyk.

Seker mense het begin afgunstig word dat daardie ou groot, vet vrou so 'n flukse en voordelige skepseltjie as bok-trawant moes hê. In die geheim het die een na die ander van hulle toe vir T'kouka daar in die veld genader. „As jy by my wil kom bly”, het een gesê, „sal ek jou nie eens laat bokke ook oppas nie; jy kan net by die werf lê en swepe maak.”

Maar T'kouka wou juis aldag by sy bokke — sy eie, bekende bokke — wees.

Die persoon se vleitaal teen T'kouka het dus sy eie mond verbrand, en T'kouka het hom net

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

sy tande gesit en wys en uitgelag. Van die ander afgunstiges het weer met ander aanloklike aanbiedings gekom, maar T'kouka was teenoor almal soos 'n dooi klip waaraan niks vat nie. Een van die persone wat by sy afguns tog 'n stukkie eerlikheid ook nog gehad het, het gevoel dat dit darem nie reg was om eers na T'kouka te gaan nie. En so gaan hy met ander slinkse planne na tant Hannie Oompie. „Tante Hannie”, sê hy, „jy het 'n groot trop bokke en ek het maar 'n ou klein troppie; tog het ek die groot, reus van 'n bokwagter en jy die ou klein dwergie van 'n bokwagtertjie. Nou, as vriend van 'n arme wedevrou wil ek jou bystaan met raad en daad; vat jy nou my goot wagter wat jou groot trop beter sal kan regeer, en ek sal om jou onste wil tevrede wees met die ou jong klonkie, al is hy ook maar 'n dooi klip soos jyself dikwels gesê het.”

Maar tant Hannie Oompie was al lank in die wêreld en kon somar maklik deur die man se onnatuurlike blinddoekies van gewaande vriendskap sien. Ook het sy laaste woorde haar bitterlik vererg, want dit het haar net as 'n lelike verwynt in die ore geklink.

Kwaad sê sy dan: „Jy sê jy het koomma gekoom oom *my* te help, maar ek sê jy het net gekoom oom *jouself* te help; maar al het jy ook gekoom oom die duiwel te help, sal dit noog nie help nie, want T'kouka is g'n dooie klip nie,

'N BOESMANLANDSE SWEPPIES-KLONKIE

maar my bookwagttertjie en my . . . my regterhandjie . . . hy sweppies-kloonkie soos die hele wêreld hoom nou noem, wrrr—agtie, ha!”

Lank na die man onverrigter sake maar moes laat trap, brom sy nog alleen in haar kookskempie: „Nou moet jy gaan sê nou wil hulle noog boonop my ou sweppies-kloonkie van my afrookkel, ha!”



H o o f s t u k V.

TANT TIEMIE.

Ghorresis lê op die uithoek van die wêreld. Dis 'n ou kaal en verlate plek waar niemand wil begrawe lê nie. Van huise met mensehande gemaak wil ons nie eens praat nie, maar daar is ook nie eens 'n kraaltjie, boklammerhokkie of selfs 'n ou gorratjie nie. Daar woon ook net veldskindertjies soos koesterliebekkies, erdman-tjies en geitjies. Tog het 'n landmeter vroeër in die donker tyd ook vir die stille, doodse en eensame Ghorresis grense en bakens gegee.

Maar van daardie dae af tot vandag toe kom slegs een- of tweemaal in die vyf jaar 'n moedeloze trekker sy tent vir 'n klein rukkie op Ghorresis opslaan.

En nou-die-dag is arme tant Tiemie op Ghorresis begrawe. Dis die eerste graf, maar sal seker nou nie die laaste een op Ghorresis wees nie. 'n Onbewoonde, onbeboude en kerkhoflose plek! Hoe dubbeld eensam rus die eensame oorskot van tant Tiemie tog nie op daardie eensame ou plek nie!

Gelukkig sal sy haar darem nie aan die oorsy van die graf daarvoor bekommer nie, want reeds in hierdie lewe was sy van haar kinsbeen af tot

TANT TIEMIE

haar ses-en-sestigste jaar, toe sy op ou Ghorresis die gees gegee het, met alles, *alles* tevrede. Ja, van haar geboorte-uur af was in en om tant Tiemie 'n salige tevredeheid. Ons het in 'n ou skryfboek gelees, en van oumense ook hoor vertel, van die wonderlike aankoms van tant Tiemie in hierdie wêreld. En dit is van nougesette ou mense wat nog die uur en minuut, die naam van die dag en baie ander omstandighede van elke kind se geboorte omslagtig en sekuur opgeskrywe het.

Dit was dan op die kop om kwart vóór drie in die vroeë, voordagmôre van Dinsdag die 3de September, 1861, dat die ou Boesmanlandse vroedvrou, oorlede ou tant Salie, na 'n boertent kortby geroep word. En kort daarna kom dieselfde ou tant Salie weer in haar eie ou kookskempie en sê aan haar ou man wat toe al aan koffiewater kook was: „Gysbert, ek moet jou bekendstel dat die liewe Heer netnou-netnou, om tien minute vóór vier, 'n mooi blouoog-dogtertjie aan Liesbet-hulle geskink het.”

„Guts, maar dis onverwags!” roep oorlede ou oom Gysbert toe uit en vervolg daarop: „Maar ek is darem bly om te hoor dat ou Boesmanland vanmôre weer 'n onsterflike sielietjie ryker geword het; mag die ou dingetjie tot 'n seën wees.”

„Ja”, sê oorlede ou tant Salie toe, „dis heeltemal onverwags, ook vir haar eie moeder; maar hoe onverwags — ek het amper gesê ontydig —

TANT TIEMIE

is dit tog 'n welgeskape ou skepseltjie, en raai bietjie, sy was van staanspoor heeltemal tevrede met die ou wêreld en nooit een slag haar ou stemmetjie laat hoor nie, of onder my behandeling selfs by die aantrek één ou armpie of beentjie verkeerd verskuif nie."

„Nou, mag haar hele lewe vreedsaam wees", sê oorlede ou oom Gysbert daarop.

En so was dit ook met die kindjie wat tant Tiemie geword het en wat nou die dag op Ghorresis begrawe is. Sy was altyd stil van aard, baie sag, in alles onderworpe en met alles wat oor haar gekom het tevrede. Daarom lê sy ook op die eensame Ghorresis. Want haar mense het — toe hulle haar einde sien nader — darem nog gou 'n plan wou maak om haar na 'n geselliger plek te vervoer waar tog ook tenminste meer medelydende harte en vriendehande haar smart kon probeer help lenig. Maar sy was in haar sterwe soos in haar lewe: steeds tevrede met haar lot.

„Dis nie nodig", het sy saggies gesê, „dat julle nog die moeite moet maak nie, want ek voel hier net so gerus as ek sou voel daar Bowe by die Heer."

Toe ander mense later van hierdie woorde van haar hoor, het almal getuig: „Ja, ons voel somar dis haar eie woorde hierdie, want só het ons haar altyd geken."

Sy was dan ook van kindsbeen af 'n plesier

TANT TIEMIE

vir al wie haar geken het. En na sy onder die dorre aarde van ou Ghorresis gaan rus het, toe eers het haar werk, woord en voorbeeld al wel-luidender tot ander harte gespreek. Toe het sy skielik onvergeetlik geword. Toe het almal haar gemis en verlang. Toe moes almal van haar praat en om haar dink. Maar sy was altyd so eerlik, waar en opreg in al haar wandel, dat niemand hom sou verlaag het om toe van haar wat daar so ver en allenig rus, iets te durf sê, wat ook nie die waaragtige waarheid was nie. Almal het dus toe ook in alle waarheid en opregtigheid van haar gepraat. Hier was g'n valse vleitaal nodig nie; hier g'n sweem van onwaarheid en onopregtheid nie: Sy *was* wat almal van haar toe getuig het en vandag nog getuig.

Oompie Josop kon ook maar nie haar heengaan vergeet nie. „Haar stille berusting en vertroue in die Voorsienigheid”, het hy gesê, „het my van wanhoop gered, toe ek in die onvergeetlike 1903 se somer byna al my diere deur die droogte verloor het, en boonop nog ook my enigste kind deur die witseerkeel. Haar woord, haar gebed en haar sielsblik wat my in my hope-lose toestand ook eindelijk omhoog laat staan het, het my gehelp om weer lig te sien in die duisternis. Haar moed en onwrikbare geloof het by haar uitgestraal en ons oortuig dat eendag al ons waaroms in daaroms sal verander. Sy was toe

TANT TIEMIE

self onder bedenklige omstandighede, maar sy het nog vir almal hulp gehad; sy moes dus uit 'n ongesiene Bron *haar* hulp geput het.

Haar eerste man was kort vantevore oorlede; haar jongste seun — die naamdraer van haar dierbare en oorlede ou vader, en ook die Benjamin van haar hart — het hom aan die drankduiwel oorgegee en 'n kriminele misdaad begaan; haar suster het met 'n handelsreisiger weggeloop en sy het as 'n alleen-oorgeskiete Naomie op 'n puinhoop van 'n vorige, florerende boerdery bly sit. Maar al hierdie treurighede het haar des te moediger laat berus in 'n Albestierder „wat nooit van harte bedroef nie.”

Waar ander mense kla en kerm was sy nog altyd tevrede. Sy het dikwels gesê dat dit vir haar onverstaanbaar is hoe die mense dit reg kry om selfs oor die weer en klimaat te klae. Die brandende somer was vir haar net so lief en dierbaar as die bytende winter, die allesverwelkende herfs en die bloeiende lente, want elke jaargety was vir haar die genadetyd, die welaangename tyd waarvan haar Bybel praat; en in elkeen van die vier seisoene het haar oog soveel wonderskoons ontdek, dat sy eintlik meer as bloot nuuskierig was om elke ou aanstaande daggie van elkeen van hulle te sien aanbreek: Nog vóór die herfs begin sê sy al: „Ai, julle, dit sal tog weer aangenaam wees om dag na dag op te let hoe die liggroen,

TANT TIEMIE

groen en donkergroen kleure van ou Haaslaagte in geel of bruin en donkerbruin verander, met al die wonderlike stippels en vlekke en strepe en kolle daarby!"

En as die somer kom klink dit dikwels uit haar mond: „Ja, ek sal vandag wil wat skuldig wees om van nou af aldag ou Bokveld se koring en vrugte tot rypheid te sien verkleur; maar hier waar ek nou is, is darem gelukkig ook meer as genoeg vir my, en buitendien sien ek tog in die verbeelding wat nou elke dag op ou Bokveld se lande en tuine gebeur.”

Die winter kan maar kwaai word; sy ryp en bitter koue kan maar elke opslaggie, blommetjie en blaarjie dood, en daarby alle ou vrolike veldskindertjies van die toneel verja. Tant Tiemie sien dan in deurskynende stukke ys en in wit lakens van ryp 'n ietsie van die skoonheid van die Hemel. „En hoe dooier nou hier in die winter”, sê sy, „hoe helderder skitter al die sterre daarbo.”

Van die bloei- en herlewingstyd praat sy maar baie min. „Ek het weer nie nou taal nie, soos aljaar dié tyd”, sê sy dan. Maar haar vriendeliggaggende oë betower jou dan ook soos die blomme op die vlaktes.

Reeds van kindsbeen was tant Tiemie graag die minste, die toegewendste in alles. Sy was nog somar 'n kind toe sy eendag met die volgende

TANT TIEMIE

redenasië te voorskyn kom, na iemand haar deur uitvra daartoe gebring het: „As tant Hessie se kinders vir my kom kuier en ons moet iets deel wat Ma ons gee, dan staan ek hulle graag alles af, want dis tog te lekker om by jou eie huis mense te onthaal; maar as ek by hulle gaan kuier en ons moet weer iets deel, dan sorg ek goed dat ek tog nie iets meer as hulle kry nie, want dis tog so lekker om 'n ander mens net soveel te gun as vir jouself.”

En dis hierdie gees van tant Tiemie wat van haar later so 'n ware en opregte vriendin van baie Boesmanlanders gemaak het. Volgens seker skrywers kan vriendskap tussen twee persone net bestaan solank as wat die twee persone ewe ryk, ewe arm, ewe voor- of ramspoedig is; solank as wat die twee persone vir mekaar eweveel presente kan gee, eweveel agting kan betoon en in alles van mekaar eweveel afhanklik kan wees, dan sal hulle vriende bly. Maar sodra hulle gewig en betekenis nie meer balanseer nie, nie meer dieselfde is nie, dan sal afguns in die hart van die mindere kom, en hy sal sy vorige vriend — hoewel hy hom by elke ontmoeting nog sal omhels — begin te haat. En ongelukkig bestaan daar dikwels so 'n onnatuurlike vriendskap tussen mens en mens.

By tant Tiemie was dit egter gans anders. Sy het haar verheug oor haar bure se voorspoed

TANT TIEMIE

wanneer syself in die grootste gebrek verkeer. Elke goeie nuus van haar omgewing het haar haarself laat vergeet, net soos sy haarself vergeet het as sy in 'n laggende wêreld van skitterende, geil gousblomme staan. Sy het in die welvaart van ander die heil van die hele samelewing gesien. En die geluk van haar naaste was ook *haar* geluk.

Sy wou van niemand kwaad weet nie. Toe hulle eenmaal haar ou skaapwagter uit die veld bring waar hulle hom op 'n vet hamel gevang het, het sy die ou jong vriendelik gevra: „Outa, sê my nou asseblief mooi, watter ou slegte gedagte het jou baasgeraak om sover te gaan?”

Die ou jong probeer haar eers ook in die oë te kyk, maar toe laat sak hy sy kop van skaamte en sê: „Das nie die gedagte, my Nooi, das die bageerlikheid.”

Tant Tiemie lag en vra nog vriendeliker: „Nou wat het die slegte ou begerlikheid wou hê, Outa, die hamel se vleis of sy vet?”

Sonder aarsel antwoord die ou toe ernstig: „Die vet, my Nooi, die vet!”

„Nou ja, sien Outa nou”, sê tant Tiemie, „die begerlikheid is so sleg dat hy vir Outa daar in die veld stilletjies wou laat steel, want dan hoef Outa mos nie eens met Outa se arme ou nooi die vetjies te deel nie.”

Die ou wagter kon hierop niks sê nie. Maar

TANT TIEMIE

sy het hom weer tot vertroude skaapwagter verhef en hom net byna elke môre vriendelik gewaarsku: „Outa, pas tog maar weer vandag goed op vir die slegte begeerlikheid, dan moet Outa kyk hoe gelukkig 'n mens voel.”

En die outa het nooit weer probeer steel nie.

Vir die kerk en kerkbasare het sy haar groot opofferings getroos. Nooit was die afstand tussen die buurt van haar omswerwings en die dorpskerk vir haar te groot nie. En elke jaar met die nagmaal in Oktober kom sy met haar vetste skaaphanse en ander eie vervaardigde artikels na die kerkbasaar.

Maar dan het haar wonderlike invloed ook menige ander vrou saamgesleep. Vir baie was dit lief en dierbaar om vir tant Tiemie te volg. Sy het niemand verveel nie; sy het maar min gepraat, maar baie gedoen. En tog het sy ongemerk altyd die ander mense aan praat gesit en gelukkig en orals tuis laat voel. Sy kon dan ook altyd in ander meer goeds sien as wat hulleself al van weet. Sy was knap om iemand uit verleentheid te help. 'n Vrou het eenmaal net twee ou armsalige en vuilkleurige steentjies boerseep vir die kerkbasaar gehad. Toe sê tant Tiemie: „Wat, dis niks, want ons twee kan maar die twee steentjies op die dorp privaat verkoop en die geld ook by die basargeld laat voeg. Ook het ek vier mooi stene vir die basaar; nou vat

TANT TIEMIE

jy net twee van hulle, en ek twee, vir tentoonstelling op die basaar; dit kom mos tog maar alles weer op dieselfde neer.”

„Hoe so, tant Tiemie?” vra die vrou.

„Of ek juis vier stene vat, dan of ek maar twee en jy vier vat”, antwoord sy.

En die vrou moes maar hierdie onselfsugtige aanbod aanneem, want tant Tiemie was onweersstaanbaar in goeie bedoelings.

Sy wou nooit iets van haar bure leen nie. Slegs wanneer dit glad nie anders kon nie, het sy 'n enkele maal iets geleen, maar dan gee sy altyd van die geleende artikel 'n ietsie meer terug as wat sy ontvang het. „Om so te gee”, het sy gesê, „dat jy kan gewer bly, is nog niks; maar om so te leen dat jy vrymoedig weer kan leen, is maar moeilik en verwek maklik misverstand en onnodige ergernis.”

Sy was altyd baie skoon en net. Haar kospotte het altyd van binne en buite eners geblink. Haar leraar het van haar huisie gesê: „Dit lyk na 'n pophuisie uit towerland, so skoon en netjies.” Sy het baie verf gekoop en altyd gesorg dat haar huismeubeltjies die helderste kleure behou. By haar het alles 'n aangename geur gehad.

Sy was altyd besorg oor reisigers en tog-gangers, en het hulle altyd gevra: „Het julle tog genoeg kos en water vir die reis? Kan ek julle nie met nog iets help nie?”

TANT TIEMIE

Hierdie soort karakters word nou skaars. Daarom sal Boesmanland haar nie lig vergeet nie. Lank sal sy in gedagtenis gehou word en lank sal sy nog mense aantrek — ook na haar dood: Verskeie reisigers het reeds 'n omweg gegaan net om haar eensame graf op Ghorresis te sien. Dis ook te betwyfel of sy nog baie lank so eensaam en alleen sal rus, want ou tant Johanna van Haaslaagte het reeds gesê „As ek moet weggaan, moet julle my tog asseblief maar langs Tiemie gaan begrawe.”

En toe het tant Johanna se ou man gesê: „Ja, sy was so lieflik in haar lewe en in haar dood — dat ook die ou vergeete en verlate Ghorresis nou sy aantreklikheid het.”

Hoofstuk VI.

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS.

„Môre, neef Jonsie; ek het jou lanklaas gesien. Hoe gaan dit tog nog?”

„Nee neef Kobie, nog so, . . . groetnis ook van ou Kowa-hulle.”

„Dankie. Het julle ook die snaakse soort infelensie wat nou hier rond heers gehad, neef Jonsie?”

„O mapswa! neef Kobie, moenie praat nie; ons het vir hom gehad en ons het hom ook nou nog. En of arm ou Sienatjie, die stomme kind wat reeds so 'n slegte bors het, dit darem nou sal maak weet ek nie.”

„Ja, dit wil ek tog goed glo, want net so het dit met my en ou Hermie Guigel gegaan; die griep het ons borste verwoes en ons doodgemaak, en nou het die wonderlike infelensie ons ou borste heeltetal opgevreet en ons glad morsdood gemaak. Jy moet weet, ek en ou Hermie Guigel slaap nie meer snags nie; ons hoes, ons hoes ons vrê-ek!”

„Neef Kobie, man, jy en ou Hermie Guigel praat darem tog nog, maar weet jy daardie stomme, arme ou Sienatjie kan nie eens meer behoorlik

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
praat as sy die slag aan 't hoes raak nie. Nee, wat
praat ek nog van *praat*; as sy die slag hoes, dan
sit en wip sy net so op en neer, op en neer en
op en neer en dan gaan dit net so: kegge, kegge,
kegge, kegge, . . . en so hou dit nou jou wragtie
aan en aan en aan tot ek weet nie eens meer tot
wanneer toe nie."

„Ja, maar dit kan ek darem vir neef Jonsie
sê, kom slaap bietjie net één nag tussen my en
ou Hermie Guigel. Dan sal jy darem ook 'n spul-
letjie sien, of liewers hoor, want dit sweer ek jou
darem ook, ons hoes, ons hoes, ons hoes ons
vrê-ek!"

„O mapswa! neef Kobie, as julle, jy en ou
Hermie Guigel al vir julle vrek hoes, dan weet
ek nie hoe *Sienatjie* vir haar hoes nie. Maar dit
sê ek jou nou somar eenmaal en andermaal, kyk,
daardie kind, daardie *Sienatjie*, sy hoes; dis nou
'n kort storie, sy hoes; dis nou somar die godlike
waarheid (waarom sal ek vandag daaroor lieg)
sy hoes soos g'n mens op aarde nie; dis nou so-
mar rot en kaal en rond en bont die ewige waar-
heid, sy hoes . . . sy hoes dat g'n mens op aarde
dit kan hou nie; jou hart breek stukkend in jou
lyf."

„Nou sien jy, neef Jonsie, net so het tot nog
toe al die mense se harte in hulle lywe stukkend
gebreek wat snags vir my en ou Hermie Guigel
gehoor hoes het . . ."

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS

„Maar mapswa! neef Kobie; jy sê mos net wat ek sê, en jy kom mos net agter my spoor aan, en jy luister nie eens aandagtig hoe dit met arme ou Sienatjie gaan nie; ek wil jou maar net vertel dat die arme, stomme Sienatjie . . .”

„Ja seker, neef Jonsie, dit verstaan ek baie goed, want ek en arme ou Hermie Gui”

„Nee wag, neef Kobie, gee my nou verplee 'n kans dat ek eers asseblief vir jou die treurige, ellendige toestand van arme ou Sienatjie mooi oopsit, en van a tot z vertel, en uit en in duidelik maak, en na die beste van my ou swak kraggie probeer blootlê en openbaar en alles mee voor die dag kom. Nouja . . . maar luister jy? Nouja, ten eerste, die stomme, ongelukkige Sienatjie is 'n weeskind; jy weet dit, jou vrou weet dit, ou Hermie Guigel weet dit, sy ou vrou weet dit, ou Salfvet van Zyl weet dit, sy ou vrou . . .”

„Ja maskas, neef Jonsie, ons almal en die hele wêreld inkluis weet ook dat die stomme Sienatjie 'n weeskind is, maar wat daarvan?”

„Nouja sien jy, neef Kobie, daar sit die knoop en daar lê die ding; julle weet almal dat sy 'n weeskind is, en dus kan julle tog immerse begryp dat sy wees is; en ek sê altyd so: 'n weeskind is 'n *weeskind*. En nou kan jy alreeds hieruit genoeg verstaan en jou hart moet stukkend breek in jou lyf. Maar dis nog nie àl nie, want nou gaan ek nog verder na die tweede punt. Nouja,

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
ten tweede dan is . . . maar luister jy? Nou goed,
ten tweede is sy (die stomme ding!) is sy 'n arme
grootmaak-kind van my en my ou vrou, want
ons het haar groot gemaak om sy wees is; dit
weet jy, dit weet jou vrou, dit weet ou Hermie
Guig"

„Jaaa, neef Jonsie, jaaa-ha! Ons weet almal
dat jy en jou ou vrou julle kleindogter Sienatjie
groot gemaak het, maar wat daarvan?”

„Nouja sien jy, neef Kobie, dan sal jy my tog
alte goed verstaan, want hier lê somar net weer
'n groot moeilikheid; want ek sê altyd so: 'n
grootmaak-kind is 'n *grootmaak-kind*. En by 'n
grootmaak-kind is ewig twee verkeerde dinge:
die bure en ander mense bejammer en vertroetel
hom glad te veel of anders traak hulle met hom
glad niks, absoluut niks nie.

Nouja . . . maar luister jy? Nouja, bejammer
hulle hom, dan gaan dit so erg aan dat hulle van
hom 'n godjie maak en sy grootmaak-ouers sleg-
maak en hom sonder rede van sy grootmaak-
ouers afrokkel. Maar as hulle nie met hom traak
nie, dan is dit nog treuriger, want as sy ou groot-
maak-ouers dan die dag te sterwe kom, dan
staan hy alleen sonder vriend of bekende of hulp,
en dan word die ou wêreld vir hom so moeilik
en so rond, so rond, so rond soos 'n baksteen.

Nouja sien jy, neef Kobie, ek en my ou vrou
wil nie hê ander mense moet vir arm ou Sienatjie

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
te veel bejammer nie, maar ons wil darem ook nie
hê hulle moet maak of hulle haar nooit eens raak
sien nie. En tog het ons nou altwee hierdie erger-
nisse op ons lyf tegelyk. Want ou Kris Gogga-
dop, en sy ou Vrou, ou Hes Goggadop,
en hulle dogters — ja, ek kan sê àl wat
Goggadop is, is kastig doodverlief op arme ou
Sienatjie en bejammer haar en vertroetel en be-
derwe haar. Maar al die ander bure maak of daar
glad nie so 'n arme, stomme bloed soos arme ou
Sienatjie op die wêreld bestaan nie.

Nou sien jy, neef Kobie, maar luister jy?
Nouja nou sal jy ons moeilikheid verstaan, ek
meen ons twee moeilikhede, want al die Gogga-
doppe maak te veel van ons arme ou Sienatjie en
al die ander bure sien haar glad nie weer raak
nie. En dan moet jy goed onthou, neef Kobie,
dat daar nog boonop die onbeskryflike moeilik-
heid is van die stomme bloedjie se vreeslike slegte
bors wat dag en nag soos 'n ou rommelkas raas
en te kere gaan. Ek en my ou vrou weet nou nie
meer hoe ons ons testament moet maak nie. Ons
het al £ 16 betaal vir testamente, maar elke slag
moet ons weer die testament stukkend skeur en
weer 'n ander laat maak. Want ons is bang die
Goggadoppe kan na ons dood al die goed erwe
wat ons aan arme ou Sienatjie vermaak; en ons
is ook bang dat die bure wat haar vandag nie
ken of reken nie kan agterkom wat arme ou

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
Sienatjie eendag moet erwe, en dan skielik ook op die stomme ou bloedjie verlief raak en haar ook van ons afrokkel. Ook kan Sienatjie vóór ons te sterwe kom, of een van onself kan te sterwe kom, of Sienatjie en een van ons, of so-mar ons aldrie kan te sterwe kom. En hoe moet die testament dan onder sulke omstandighede lui? Dan loop die Goggadoppe of die bure wat haar nie vandaag reken nie tog met ons hele erfnis; en dan sal ons in ons eensame grafte rond-draai van ergernis.

Dus sien jy, neef Kobie, dis weer 'n nuwe moeilikheid wat vir ons nie meer laat slaap nie — die testament-moeilikheid. En nou is daar nog 'n baie groter moeilikheid — maar luister jy? Nouja, nog 'n groter moeilikheid, die *medisyne-moeilikheid*. Want jy moet weet, neef Kobie, dat arme ou Sienatjie nie net een kwaal het nie, nee. Gee ons haar stockholm-teer in vir die hoes, dan wil sy dood aan haar niere, en gee ons haar jenerer en jenerpille in vir haar twee niere, dan smaak dit of haar ou uitgevrete longe elke oomblik aan die brand kan slaan; en gee ons haar weer roulynolie in vir die ou brandende bors, dan werk haar ou magie weer haar gees uit haar ou geraamtetjie uit; en gee ons haar dik, frank pap van kliphoutbas in dat die maag kan stop, dan kry sy in g'n week stoelgang nie, en dan sit haar

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
maag op tot dit smaak of haar ou asempie by
haar verkeerde keelgaatjie sal uitvlieg.

Nou weet ons nie meer hoe ons haar moet
dokter nie. Want dokter jy die een kwaal dan
maak jy mos die ander kwaal beduiweld. Haar
hart is ook al heeltemal onklaar. En nou is ons
verplig om haar Orsmond en Pain Specific en
hofmansdruppels en duiwelsdrek en suurlemoen-
sop en wynvomitief en ghriesboswater vir die
ou slegte hart in te gee. En weet jy, neef Kobie,
nou smaak dit of die ou hart darem weer lewe
kry, want eers het hy net gebewe, maar nou
bewe en rittel en ruk en galop hy dat dit vir jou
smaak dis 'n sirkusperd wat aan trieke speel is.
Maar dis nog nie al nie, want ons is verplig om
gedurig ook middels te koop vir haar ou magie,
borsie, lewertjie en niertjies. En nou moet ons al
hierdie kwale en mankemente so ruil-ruil dokter.

Maar partykeer voeter al die kwale so tegelyk
op, dat ons ook verplig is om vir almal tegelyk
te dokter. Dit het al gebeur dat my ou vrou vir
arme ou Sienatjie alle soorte miksture aan ingee
is onderwyl ek weer haar ou ruggie, nekkie,
skouertjies en armpies aan invrywe is met soet-
olie, kanfer, niervet en dr. Sloans se linement-
smeersel. En dit het al gebeur, neef Kobie, —
maar luister jy? Dit het al gebeur dat ons nog
so aan sukkel is om haar ou lewertjie te red, dat
sy somar onverwags flou val, en dan moet ons

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
eers alles los en weer van nuut af met lawemid-
dels teen die floute dokter. Jy wil mos ook maar
nie hê dat jou eie vlees en bloed moet sterwe nie;
dit weet jy, dit weet jou vrou, dit weet ou Her-
mie Guigel, dit weet sy ou"

„Ja, my liewe neef Jonsie, dit weet ons almal;
en die Vadertjie weet, ek wil ook nou niks meer
weet nie, want ek is al moeg van arme ou
Sienatjie.”

„Neef Kobie, neef Kobie, bewaar jou dat jy
nie vir daardie stomme ou dingetjie moet moeg
word nie. Kom bekyk haar net en jou hart sal
smelt; kom vat net aan haar ou verteerde
handjie en jou trane sal loop; kom help dokter
haar net een nag, en jou jammerte sal jou so
baasraak dat jy nooit weer van jou en ou Her-
mie Guigel se hoes sal praat nie.”

„Nee, neef Jonsie, dit hoef ek nie boonop nog
te gaan doen nie, want ek gee nou reeds oor en
beloof jou om nooit weer van ons hoes in jou
teenwoordigheid te praat nie.”

„A, nou praat jy die regte ding, neef Kobie,
die regte ding: jy weet mos tog goed dat hier in
Boesmanland altyd in alles 'n meester bo meester
is, en ek het goed geweet dat arme ou Sienatjie
vir jou en ou Hermie Guigel ver sal uitklop met
hoes, hoes, hoes. Julle twee sal miskien aan 'n
storie wat al uit die twaalfde of twintigste mond
kom, baie meer stukke kan bylas en verdraaiings

'N BOESMANLANDSE MEESTERES BO MEESTERS
maak as sy, en julle sal haar miskien in alle ander
deugde of ondeugde ver kan uitstof, maar van
kwale en van hoes moet julle by haar heeltetal
stilbly; daarin is ons arme, stomme ou Sienatjie
'n meesteres bo meesters."

Hoofstuk VII.

BOESMANLANDSE KAKIEGOED.

Driekatjie en ek het eers besluit om te trou; so gesê so gemaak. Toe het ons weer besluit om 20 jaarts dun maar sterk kakiegoed te koop om vier matrasse oor te trek; ook so gesê en so gemaak. Maar by hierdie vier matrasse lê 'n knoop, 'n lelike ding. Ek sal dit probeer duidelik maak, maar ek weet nie so mooi nie. Een ding weet ek goed — die een matras is vir Driekatjie en my, die tweede is vir Boet Flippie wat by ons inwoon, en die derde en vierde is vir *my* skoonmoeder en vir *Driekatjie* se skoonmoeder, as hulle twee die slag vir ons tegelyk kom besoek. Twintig jaarts kakiegoed is dus gekoop en betaal vir vier matrasse.

Ek is toe houtgerus en tevrede, want wat sal ek my dan nou nog bekommerd maak? Ek het mos vir Driekatjie. En net so selfvoldaan en tevrede is Driekatjie ook, want sy het mos toe weer die 20 jaarts kakiegoed. Vol ywer en ondernemingsgees gaan sy toe sit en skeur die slope vir die vier matrasse. Dit was op 'n Maandag dat sy begin skeur het; ek onthou dit nog alte goed. En hoelank sy toe die Maandag geskeur het kan ek waarlik nie sê nie, want ek het gaan

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

koeie soek en maar eers die aand tuis gekom. Verblyd het ek haar toe bygespring en 'n soentjie gegee. Maar toe merk ek dat sy erg afgetrokke is en my byna nie raaksien nie.

„Wat makeer, Driekatjie?” vra ek.

„Nee niks”, antwoord sy en vra my weer: „Hoeveel is drie el en nog 'n vaam?”

„Drie el en nog 'n vaam!” roep ek taamlik verwonderd uit.

„Toe maar, jy hinder my net”, sê sy daarop teleurgesteld en half vererg ook.

„E-êk vir jou hinder, my skat!” roep ek nog verwonderder uit.

„Ja, loop ja tog maar die koeie in die kraal”, antwoord sy nou baie gesteurd.

Dit kon ek nie kleinkry nie; so het ek haar nie geken nie. Maar, wat kon ek doen? Getroos gaan ek dan maar die koeie versorg. En met hierdie ou werkie het ek my onnodig lank besig gehou om haar goed tyd te gee dat haar bui, of wat dit dan ook al was, eers afkoel.

Toe kom ek lekker sing-sing huis-toe. Dit was nog al Driekatjie se geliefkoosde minnaarsliedjie wat ek gesing het. Maar net toe ek by die deur inkom, kon ek somar sien dat ou Driekatjie nog glad nie dié Driekatjie is wat ek ken nie. Sy was nog net so stil en diep in gedagte as tevore. Ek gedrag my toe ook maar skaars en praat g'n woord nie. Ek het haar darem so nou en dan

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

stilletjies beloer, en toe kom dit my voor asof sy iets gewigtigs sit en bereken. Eindelik was dit of sy iets swaars van haar ou teer hartjie afwerp, en toe sê sy: „Wat nie kan nie, kan nie.”

Daarop staan sy haastig op om die tafel vir ons aandetetjie te dek.

Toe kon ons ook weer gesels, maar tog was sy darem maar nog nie soos ek haar ken nie. Kort-kort het iets by haar opgekom wat haar gehinder het. Dit kon ek maklik aan haar bespeur, maar wat die hinderlike iets was kon ek hoegenaamd nie raai nie.

Kort na die ete het sy ook somar die bed gaan opsoek, en toe het ek maar haar voorbeeld gevolg.

Ek is 'n kêrel wat gou in slaap val en spoedig was ek dan ook so diep in droomland dat ek toe nog minder geweet het hoeveel „drie el en nog 'n vaam is.”

Daar, so teen middernag, het eindelik 'n herhaaldelike en harde gesug van Driekatjie my laat wakker skrik. Dadelik laat ek haar aan 'n gemaakte hoesie merk dat ek wakker is.

„Peterus”, sê sy, „die kakiemoed kom nie uit vir vier matrasse nie.”

„Nou maar dan koop ons nog 20 jaarts”, antwoord ek kortaf en ergerlik om sy daarvan so 'n onnodige bekommernis maak.

„Peterus, die 20 jaarts moet uitkom”, kibbel sy teë.

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

„Maar my liewe skat, het jy dan nie gelees nie: 'Wie van u kan, met bezorgd te zijn, eene el tot zijne lengte toedoen?'" vra ek haar.

„Peterus", antwoord sy weer, „dis nie besorgdheid nie, dis hoe jy dit skeur."

„Hoe jy dit skeur, Driekatjie?" vra ek.

„Ja, Peterus, hoe jy dit skeur", bevestig sy.

Driekatjie is 'n vroutjie wat 'n saak baie onverstaanbaar duidelik maak. En tog, as jy haar nie gou kan verstaan nie, dan word sy somar vererger; en dan verbeel sy haar dat jy *wel* verstaan, maar dat jy somar moedswillig vir jou onnosel hou om met haar die gek te skeur.

Ek wou dus liewers nie verder met haar lê en redeneer nie, maar draai my om en maak of ek weer in slaap geval het. Ons het toe egter altwee nie 'n oog toegemaak nie; want ek het geweet sy het gedagtes wat haar nugter hou en so kon ek ook nie verder slaap nie. Dit was dus vir ons altwee 'n verligting toe die ou hoenderhane eindelijk luidrugtig aankondig dat 'n nuwe dag aanstaande is.

Gelyktydig spring ons toe op om gesamenlik ons ou koffiewatertjie te kook. En ook nie lank nie of ons sit en soek troos en versterking in twee tamaaie kommiertjies koffie. Maar ou Driekatjie wou nog nie lekker gesels nie, en toe is ek daar weg na die koeie toe. En die hele dag deur was daar dingetjies tussen my en ou Driekatjie: Sy

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

gevoel dit kort-kort haar plig om my iets geheimsinnigs op nog geheimsinniger wyse duidelik te maak; ek weer, bly op my hoede om haar nie te laat agterkom dat ek haar glad nie kon verstaan nie. En dit was 'n moeilike posiesie, want sy is 'n ou fyn Driekatjie wat maar baie gou konklusies maak. Dikwels was ek dan ook in die grootste gevaar om as 'n gemene gekskeerder beskou te word. Ek het die 20 jaarts kakiegoed later in my siel verwens.

Maar die dag het eindelijk gedaal sonder dat daar 'n vertroulike verstandhouding tussen ons was. Onverrigtersake moes ons maar later weer ons bed opsoek.

Weer so teen middernag word ek uit 'n diep slaap geweldig geskok deur 'n harde lag. „Wat's dit, wat's dit!” roep ek verward uit. Driekatjie lag jou waarlik weer en sê: „Peterus, die 20 jaarts kakiegoed kom nou uit vir alvier matrasse.”

Om tog maar 'n end aan die saak te maak, probeer ek ook lag en sê: „Allamastie, maar dan is ek net so bly as jy dat dit nou tog uitkom; en nou kan ons mos gerus en tevrede slaap ook.”

Teleurgesteld sê sy: „En jy vra nie eens hoe dit dan nou kom dat dit eers nie uitgekome het en tog nou uitkom nie!”

Baie mismoesdig vra ek dan maar: „Nou maar

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

hoe het dit dan gekom dat dit uitgekom . . . ag nie uitgekom het nie?"

„Maar ek sê jou dan dit *het* uitgekom”, sê sy en vervolg verder: „Kyk, dit het so gekom; die matrasse is elkeen amper twee en ’n kwart jaarts lank en baie smaller van breedtes. Wel, toe meet ek die eerste baan kakiegoed oor die lengte van die eerste matras, en toe sien ek daar moet nog ’n tweede baan langsaan kom, maar van dié baan moet ’n breë strook afgeskeur word, want anders is die twee bane baie breër as die matras. En toe sê ek so, ’nou kan die strook wat te breed is dien vir die sye van die matrasse’, en so gaan ek toe aan skeur; hiervandaan tot daar, dis een baan; so, nou weer hiervandaan tot weer daar, dis die tweede baan; en nou net die strook af, dan is die bokant klaar; nou net nog ’n baan af en dan nog ’n baan af en dan sy strook ook af, en dan is die onderkant ook klaar. En sien jy, Peterus, toe hou ek so aan tot agmaal toe, en toe ek vir my kom kry, toe kom die sye kort, maar ek het glad die stroke vergeet, verstaan jy nou?"

My kop was by hierdie tyd heeltemal aan maal, maar ek probeer so manmoedig as maar kan te antwoord:

„Maar seker, ou Driekatjie, ek verstaan, ek verstaan dit tog alte goed.”

Sy kyk my so skeef aan en sê: „Nee, Peterus,

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

jou stem en jou woorde vertel my dat jy oordrywe en jok en gekskeer."

„Maar liewe ou skat, sê nou maar ek verstaan nie hoe jy die kakiegoed geskeur het nie, wat kom dit dan daar op aan? Ek verstaan jou en ek glo jou tog egter dat die 20 jaarts nou darem uitkom vir alvier matrasse, — nou wat wil ons meer hê?"

So redeneer ek nou met haar. Maar tevergeefs, want sy sê:

„Ja, Peterus, maar nou wil ek jou laat insien hoe ek my gekul het deur glad die afvallingsstroke te vergeet, hoe benoud ek toe was, en hoe bly ek nou is. Nou luister nou; kyk, die bokant en die penskant van elke matras neem twee heel bane, en dan nog bietjie breër as twee halwe bane, en dan nog die vier sye wat ek van die halwe bane afgeskeur en vergeet het.

Nouja toe, daar is een matras nou klaar; dit verstaan jy tog. Nou gaan hierdie selfde storie nog driemaal oor; dan het jy mos ag heel bane, en dan nog bietjie breër as ag halwe bane, en dan nog sestien sye wat jy van die halwe bane afgeskeur en vergeet het. Nou toe, hoe lyk dit, verstaan jy *nou*?"

„Maar na-tuur-lik", sê ek met groot nadruk en sillabe vir sillabe.

Maar moenie glo nie; Driekatje was tog nog gladnie tevrede nie. Tog het sy my toe darem

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

eers weer met rus gelaat — glo om net asem te skep vir verdere inligtings omtrent die verbrande 20 jaarts kakiegoed en ook verdere ondersoekings en toetse omtrent my verstandsvermoëns.

Ongelukkig het ek die volgende dag verjaar. Hierdie gebeurtenis bring toe *my* skoonmoeder en *haar* skoonmoeder ook op die toneel, want hulle moes altwee kom help pannekoek bak. En terwyl ons toe later net regte lekker en aangenaam sit en pannekoek eet, toe sê ou Driekatjie: „My liewe Ma, en my liewe Moeder, luister bietjie hier!”

Toe sy so begin, toe skrik ek dat my stuk pannekoek op my vurk ook bewe, want toe weet ek: dis weer die kakiegoed.

En so was dit ook. Ernstig en breedvoerig vertel en verduidelik sy die hele kakiegoedgeskiedenis van kop tot stert en dan weer van stert tot kop terug. En toe sy eindelijk klaar was, toe lag die twee ou skoonmoeders dat hulle so skud vir my.

Hulle is darem twee baie goeie ou mense, die twee skoonmoeders. Elkeen het darem ook 'n foutjie gehad: *Driekatjie* se skoonmoeder is mos my eie ou mametjie, en so ken ek haar goed, en sy vir my nog oneindig beter. En haar ou foutjie was om so bietjie te veel van my, haar ou seuntjie, te dink. In haar oë was ek 'n grootman en tot alles bekwaam.

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

My skoonmoeder is natuurlik weer Driekatjie se eie ou mametjie, en so het sy dieselfde ou foutjie as Driekatjie gehad om 'n mens iets so omslagtig maar onverstaanbaar duidelik te maak. En so gebeur dit dat ek toe tussen die liewe skoonmoeders te lande raak: Die een wou hê ek moet nou self die storie van die kakiegoed oortel om te bewys dat ek dit ook verstaan, terwyl die ander my dit eers weer 'n slag met nog meer omhaal van woorde wou duidelik maak.

„Toe, my enigste kêrelkindjie”, sê Driekatjie se skoonmoeder, „vertel nou, en wys nou dat jy die affêre net so goed as enige man verstaan; jy is mos niemand se kalkoenkuikentjie nie.”

„Nee wag, my enigste ou skoonseuntjie”, keer *my* skoonmoeder weer voor, „kom laat ek eers weer vir jou alles duidelik maak. Kyk, hier trek ek twintig kort strepies, dis 20 jaarts kakiegoed; en hier trek ek nou weer vier groot strepe, dis vier matrasse. Nouja, wat wil jy meer hê? Dis mos so duidelik, so duidelik soos 'n vergrootglas, en . . .”

„So, wag nou maar ou Sus”, val Driekatjie se skoonmoeder haar hier in die rede, „gee hom nou maar 'n kans en laat hom nou self verder uitkom met die ding”.

Daarby gee sy my ook stilletjies 'n gevoelige knyp as aansporing om dadelik te begin, en aan my skoonmoeder en my vroujie te toon dat ek

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

ook iets kan verstaan en niemand se uil is nie. Natuurlik wou ek my ou moedertjie nie teleurstel nie, maar ek wou darem ook nie die ander mense water op hulle meul gee nie.

Half aangemoedig, baie versigtig en taamlik verbouereerd sê ek toe: „Dis vir my vandag baie wonderlik dat ons op 'n verjaardag by pannekoek met kakiegoed moet bodder; en dit nogal ou dun, geel, half dubbelbreed en half enkelbreed kakiegoed wat ek teen $\frac{5}{6}$ per jaart moes koop!”

„Daar het jy dit! Hy verstaan dit nog nie!” roep my skoonmoeder en ou Driekatjie uit.

„Nee, maar nou doen julle hom onreg aan”, keer my eie mametjie, „hoor hoe mooi beskrywe hy die kakiegoed.”

„En waar het jy van half dubbelbreed en half enkelbreed gehoor?” vra hulle lag-lag.

Om my mametjie uit haar verleentheid te red sê ek: „Ek het daarvan gehoor, ek, êk; dit beteken nie breed en nie smal nie, nie kort en nie lank nie. En om julle te toon dat ek die kakiegoed ook in matrasoortreksels kan verander, gaan ek net môre, net môre, môre voor dag en dou na die winkel en koop nog 20 jaarts, en dié sal ek dan self skeur; dit kom nou nie daarop aan of daar dan ook bane sal oorskiet of kortkom of uitkom nie, en of daar ook stroke sal afval of uitval of glad vergeet raak nie; maar een ding is seker, ek gaan dit self skeur tot daar nie 'n partjie

BOESMANLANDSE KAKIEGOED

van 'n rafeltjie se fynste flentertjie oorskiet nie."

Tot my verwondering raak die drie vroumense nou tegelyk aan lag, en vra my daarna: „Nou toe, wat maak jy jou so moeg oor kakiegoed?"

„Ja, dit mag ons almal vir onself afvra, maar tog, ek gaan nog 20 jaarts koop", sê ek daarop.

Die saak was hiermee gewonne en die ergernis was verby. Die vrouens het my opgewondenheid gemerk, en somar dadelik op 'n gans ander onderwerp gespring. Toe maak ons vir nog ure lank tog alte lekker grappies en pretjies. En so het my verjaarsdag darem heerlik geëindig.

Maar dieselfde nag word ek wakker deur ou Driekatjie se ronddraaiery. En toe sy merk dat ek wakker is, soebat sy: „Ai, Peterussie, jy moet tog maar asseblief nie nog 20 jaarts kakiegoed gaan koop nie; dit sal 'n skande wees en ons kan tog nie so geld mors nie."

„Nou maar dan laat jy hierdie geskeurde kakiegoed nou ook met rus", antwoord ek.

Dit belowe sy toe plegtig en verseël dit boonop met 'n middernagtelike soen.

En van toe af het ek nooit weer van kakiegoed in my huis gehoor nie.

H o o f s t u k VIII.

'N BOESMANLANDSE MALLE.

Malle het 'n krakie — 'n krakie ergens in sy harsings. Waar die krakie sit en hoe diep of groot dit is, weet niemand nie, maar jy kan net na één ou storiëttjie van hom luister en dan sal jy ook oortuig wees dat hy 'n krakie het.

Toe hy sy verstand gekry het, het hy die lewe voortgesit met leuens te vertel. En daar hy daarmee volhardend aangehou het, het dit later by hom 'n gewoonte, 'n tweede natuur geword. En nou vandag is hy 'n volslae leuenaar. Maar om jou hele lewe deur altyd leuens agtermekaar te prakseer gaan ook soms moeilik, veral as jy op één plek bly en dus aldag dieselfde mense sien.

Malle het later derhalwe aan rondswerwe gegaan, eers in 'n nou kring, maar later al wyer en wyer tot hy eindelijk sover as van die hartjie van Boesmanland tot na Malmesbury gegaan het. Maar hy bly nooit langer as uiters 'n maand op een plek nie. Eenslag het hy glad weggeraak, en dit nogal met 'n vrou en vier kindertjies.

Dit het so gekom: Hy het 'n ernissie van £ 80 van 'n ou oom gekry. Toe het hy gou-gou vir hom mooi klere laat maak en na 'n weduwee met vier wesies gaan vry. En hierdie tannie was ook

'N BOESMANLANDSE TANTE

nie links nie, want reeds by die eerste opsittery van haar en Malle het sy hom somar haar heilige ja-woord gegee, en kort daarna is hulle getroud. En wat toe skielik oor hierdie egpaar se lewer geloop het weet niemand nie, maar net 'n week of wat na hulle trou is hulle met sak en pak hier weg na Kimberley se kant toe.

Daarop het twee volle jare verstryk, voordat iemand van hulle bekendes weer iets van hulle gehoor het.

Tog het hulle eindelijk weer hulle verskyning te voet in Boesmanland kom maak. Malle se vier stiefkinders het natuurlik ook moes te voet sukkel agter hulle ouers aan. Maar die tweeling babas wat die Heer hulle intussen geskenk het, het hulle geabba.

Ook het hulle gedra 'n velkometers, 'n stuk of wat dekens, één kussing, 'n drievoet-stoeltjie, 'n swart ysterketeltjie en 'n roostertjie.

Die bure het verwonderd opgekyk en vir mekaar gevra: „Is dit *Malle*, hierdie?” Maar Malle het hom aan niks gesteur nie, ook nie aan sy armoedige toestand nie. Hy het lag-lag vir iemand 'n sitplekkie op sy plaas gevra, daar gou van gemsbokriet 'n pondokkie aanmekaar gemors, dit vir vrou en kinders as voorlopige woonstede aangewys en toe is hy daar weg om feitlik orals te gaan bedel.

Hy het dit egter nie bedel genoem nie: Hy het

'N BOESMANLANDSE MALLE

gesê hy gaan onder die bure rond om somar op twee maniere vir hom en sy gesin kos en klere te verdien; (a) deur met sy hande te werk en (b) deur orals lesings te gee oor sy wonderlike reisawonture. „Sien julle, ou maties”, het hy vir ons gesê, „in handearbeid en in lesings steek somar groot verdienstes.”

Die eerste die beste kom Malle toe by oompie Andries Niewou. En hier het Malle skaars sy eerste koppie koffie uitgedrink of hy begin somar:

„Magtie, oom Andries, die Regering het my aangestel om vir julle van groot stede en dorpe te vertel, sodat julle ook kan weet wat is vandag wat in die ou wêreld; want ek het nou juis-juis baie rondgereis en getrewwel, en so kan die Regering g'n beter man as ek kry nie. En omdat ek — hoewel ek nie vir Oom so lyk nie — baie van Oom maak, sal ek nou somar vir Oom van 'n mooi, groot stad vertel.

Die stad het al 'n baie wonderlike naam; Oom sal dit so nooit as der dag raai nie. Nouja, ek sal Oom dit dan maar sê. Die stad se naam is Die Dee Aar. Hy lê op die groot ysterspoor wat van Kaapstad na Kiembelie toe loop. Maar daar by die Die Dee Aar kom somar so 'n trop ysterspore bymekaar. Oom Andries, oom Andries, dis wragtie 'n vreeslike affêre. Jy hoor net fluit en dreun en roep en raas. Sowaar, ek weet nie so

'N BOESMANLANDSE MALLE

mooi nie, maar dis 'n verskriklike gedoente. Reeds as die treine kom stilhou, skree die honderde kondokters dat hulle so kan bars: Die Dee Aar, Die Dee Aar!

My oom Andries, glo vir my, jy kyk hier, jy kyk daar, maar jy kan nie sien nie; jy maal; jou kop draai; jy staan stom soos 'n stuk stok!

Daar word ook op Sondag gepreek, oom Andries, maar dit sê ek vir Oom nou somar reguit, net só word nergens op die wêreld gepreek nie. Oom Andries, my Oom, bedink dit bietjie, daar staan huise en huise en huise. En daar is 'n Hotnotslokasie so groot as — ek wil nie lieg nie — maar so groot as — waarom sal ek daarvoor vandag lieg? — maar so groot as . . . sê nou maar as die kwart van die hele Boesmanland! En my liewe Oom, daar staan 'n hotel; hy staan op sy fondamente; hy staan — hoe sal ek dit tog vir Oom duidelik maak? — hy staan vas soos 'n ewige berg . . . ek meen kop, en in hom is 'n bar waar jy die soort ding wat hulle sê pick-me-up kan drink om weer reg te kom van die stad se yslike lawaai . . .”

By hierdie woorde sê oom Andries: „Wag, Malle, kom ons kyk eers wat my Kerkalmanak van Die Dee Aar sê, want ek kan my nie van so 'n plek herinner nie.”

Die almanak was gou in hande en toe soek hulle by die d's na Die Dee Aar. Maar die naaste

'N BOESMANLANDSE MALLE

wat hulle kon kry aan hierdie naam was De Aar.

„Dis ook maar sweerlik van De Aar wat jy praat”, sê oom Andries, „en hier staan dat hy maar in 1913 eers gestig is en dat dominee Van Schalkwyk daar predikant is, verder niks.”

„Ja, maar dink Oom dat die kerkalmanak kapabel is om alles van Die Dee Aar te vertel!” roep Malle verontwaardig uit.

„Magtig”, vervolg hy, „as die ou almanakkie alles van hom moes vertel het, dan sou ek en Oom die vreeslike groot boek nie van die grond af kon verroer het nie, en boonop sou die almanak dan nog stukke moes bygelieg het ook, want daar is te veel om te vertel.”

„Nou maar sal jy dan alles kan vertel sonder spekskiet?” vra oom Andries.

Malle krap sy kop en sê: „Aa-ha, maar sien Oom, hier lê juis die knoop; die almanak is maar 'n dooi boek, en ek is 'n lewendige man van my woord; ek is 'n afgevaardigde van die Regering om te vertel wat ek gesien en aanskou het.”

„Nou maar jy sê dan”, keer oom Andries hom, „dat jy daar so deurmekaar geraak het dat jy nie kon hoor of sien nie, en dat jy stom soos 'n stuk stok gestaan het!”

Weer krap Malle sy kop en antwoord toe: „My liewe oom Andries, kyk, nou gaan jy met my te diep in die geestelikheid: Oom wil nou my